

Minimumbewerking vir maksimum wins:

Plant wyd en presies met Equalizer SL Min-till-mielieplanter



Sien ons by NAMPO
2014

Niks staan stil op Deon Bresler se plaas naby Bultfontein as dit plantyd is nie. Maar waar daar vroeër jare 'n menigte trekkers en werktuie ingespan is om die grond voor te berei en te plant, verloop sake nou aansienlik vinniger.

Met sy twee Equalizer SL-minimumbewerkingsplanters, het planttyd 'n plesier geword en die uitgestrekte lande, wat op plekke tot 4 km wyd lê, word rats beplant met pit-vir-pit presiesheid.

Twee tapkarre se uitlaaigeute is aangepas om massakunsmis uit te laai tot in die planters se eie awegaaraanvuller. Dit beteken dat die Equalizers se groot kunsmispense somer blitsig gevul kan word.

Saam met die saadbakke van 70 liter wat elkeen tot drie sakkies saad op 'n slag kan hanteer, beteken dit dat die planters 'n allemintige stuk aarde kan beplant voordat dit weer volmaaktd is.

Deon-hulle gebruik al 'n hele paar jaar lank Equalizer se wyeraamtegnologie; eers met ander plantereenhede, maar met die ontwikkeling van Equalizer se eie minimumbewerkings-mielieplantereenhede het hulle gou die geleentheid aangegryp om die Equalizer-pad ten volle te loop... saam met die oorskakeling na minimumbewerking.

Deon sê: "Ek dink dis maar hoofsaaklik koste wat ons almal druk in 'n rigting om te kyk waar ons kan spaar, so dit was vir my seker die belangrikste oorweging wat ons laat besluit het om dié manier van bewerking toe te pas."

Waar Deon vroeër tussen 80 en 90 liter brandstof per hektaar nodig gehad het, gebruik hy nou minder as 50 liter.

Sy besproeiingslande is geheel op 'n geenbewerkingstelsel, maar hy sê die droëlande met hulle sandgrond en kompaksie vra steeds 'n tand. Nogtans is dit vir hom belangrik om soveel as moontlik van die reste op die land te hou vir vogbewaring.

Theebo Tech se Min-till Equalizer-fynsaadplanters is al langer as 'n dekade wyd bekend en gewild en dit lyk reeds of die Min-till mielieplanters dieselfde pad loop.

Frikkie Senekal, tegniese en bemarkingsadviseur, sê: "Twee-derdes van ons verkope oor die afgelope jaar, is minimumbewerkingplanters."

Fyn tegnologiese ontwikkeling, baie navorsing en twee jaar se veldtoetse het gesorg dat boere kan reken op akkurate, konstante en onafhanklike saad- en kunsmisplasing.

Die geheim van die konstante en presiese saad- en kunsmisplasing lê opgesluit in die plantereenheid se



Equalizer se minimumbewerkings-mielieplanters belooft om net so gewild te wees soos hulle fynsaadbroers by mielieboere soos Deon Bresler, wat reste maklik en blitsig wil hanteer, maar akkuraat wil plant.

parallelskakeling wat sorg dat die diepteverhoudings altyd presies dieselfde bly, selfs in kontoere.

Die planter het 'n hidrouliese wegbreekaksie, wat dus wegdoen met breekpenne wat kort-kort vervang hoef te word. Die silinder kan ook gestel word vir die regte afwaartse drukking vir die soort grond en dit sorg dat die eenheid egalig loop.

Die tand se werkdiepte kan van 130 tot 250 mm gestel word. Die saaidiepte wat deur die dieptebeheerwielietjies gedoen word, het sewe verstelings van 13 mm elk.

'n Equalizer-boer kan maar weet dat hy nie net op die voorste tegnologie kan reken nie, maar ook op 'n span plaaslike kundiges, met goeie diens en onderdele wat altyd beskikbaar is, en prysbepaling wat nie regstreeks aan die rand se waarde gekoppel is nie. 

Praat met Ruan Jonas by 079-522-8639 of Gideon Schreuder by 021-981-4542 of Frikkie Senekal by 082-828-8426 om te hoor wie die Equalizer-handelaar naaste aan jou is en besoek www.equalizer.co.za vir meer inligting oor Equalizer-minimumbewerkingplanters.



Dié 12-ry 914 SL-model wat op Piet van Rensburg van Bultfontein se plaas loop, spog met 'n nuwe raamontwerp wat dit makliker maak vir die ingenieurspan in die Kaap om rywydtes aan te pas by boere se spesifieke behoeftes.